NUUSVRYSTELLING

Datum uitgereik: 22 November 2011
Uitgereik deur: Agri Wes-Kaap

Nog ‘n plaasaanval skok landbougemeenskap

Agri Wes-Kaap en die gemeenskap van Grabouw is erg geskok oor ‘n tweede plaasaanval in die provinsie binne enkele dae van mekaar.

Shirleen Booysen is gistermiddag vermoedelik tussen 18:00 – 20:00 in haar huis op die plaas Blaawkrans in Grabouw op grusame wyse aangeval. Sy het ernstige skietwonde opgedoen en is tans in ‘n kritieke toestand in die hospitaal. Die polisie is besig om die saak te ondersoek en leidrade op te volg. Dit is nog nie duidelik hoeveel mense betrokke was by die aanval nie. Die motief is ook nog nie bekend nie.

Hierdie aanval volg kort op die een in Malmesbury, waar ‘n boer en sy vriendin in die vroeë oggendure ook op grusame wyse aangeval is.

Agri Wes-Kaap wil graag die plaaslike Polisietakke en veral die Landelike Veiligheidseenhede met wie ons op grondvlak werk, lof toeswaai vir hul vinnige reaksie in tye van plaasaanvalle en plaasmoorde in die provinsie. Landelike veiligheid bly ‘n uitdaging waaraan ons deurentyd moet aandag gee en ons is dankbaar vir die samewerking wat ons van die Polisie kry.

“Ons sukkel egter sedert Juniemaand om ‘n vergadering met Generaal Lamoer te kry om die versoeke en klagtes van ons lede, maar veral die implementering van die **nasionale landelike veiligheidsplan,** te bespreek . Die Generaal het egter tot dusver nog nie op ons versoeke gereageer nie,” sê Carl Opperman, HUB van Agri Wes-Kaap. “Dis baie frustrerend en ‘n uiterse bekommernis dat die Generaal nie sy weg oopsien om met ons oor hierdie belangrike kwessies te gesels nie”

“Ons kan nie net sit en toekyk hoe mense aangeval en vermoor word nie, ons verwag van die regering, spesifiek die wetstoepassers, om alles in hulle vermoë te doen om seker te maak dat elke mens in die provinsie en die land in ‘n veilige omgewing leef en werk en dat oortreders in geen onseker terme verantwoordelik gehou word vir hul dade”, sê Opperman.

Navrae: Porchia Adams, Kommunikasiebestuurder: Agri Wes-Kaap, Porchia@awk.co.za